# MY MUNISIPALE REKENING

MY WATERREKENING IS BAIE HOOG.

MY ELEKTRISITEITSREKENING IS MOONTLIK VERKEERD.

DAAR IS NET FOUT MET MY REKENING.

NOU WAT NOU?

VERKLAAR 'N DISPUUT

## WAT BEHELS DIT?

- Wanneer daar 'n fout op 'n verbruiker se munisipale rekening is en die munisipaliteit geen hulp aanbied om die rekeningprobleme op te los nie, kan die verbruiker 'n dispuut teen die spesifieke rekening verklaar.
- Artikel 102(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 32 van 2000 bepaal dat, sodra 'n dispuut by die munisipaliteit verklaar is, die munisipaliteit geen skuldinvorderingsmeganismes (elektrisiteit afsit ens.) mag implementeer totdat die dispuut opgelos is nie.

## HOE DOEN EK DIT?

- Kry 'n voorgeskrewe vorm by die munisipaliteit se –
  - webtuiste; of
  - kantore.
- Indien die munisipaliteit nie so 'n vorm het nie, kan jy die aangehegte vorm gebruik.
- Vul die vorm dan so sorgvuldig en volledig in as moontlik.
- Neem kennis: Maak seker dat 'n munisipale amptenaar ontvangs skriftelik erken per e-pos of per inhandiging. Volg gereeld op by die munisipaliteit.

## EK HET 'N DISPUUT VERKLAAR, MAAR DIE MUNISIPALITEIT HET NOGTANS DIENSTE GESTOP.

Nader 'n prokureur om jou te help om 'n mandament van spolie teen die munisipaliteit in te stel.

## WAT IS 'N MANDAMENT VAN SPOLIE?

'n Mandament van spolie is 'n regsremedie wat teen die munisipaliteit ingestel word. Die remedie eis dat die munisipaliteit alle dienste herstel totdat die munisipaliteit die regte proses volg en die dispuut eers oplos.

## HOE BEGIN EK SO 'N PROSES?

Jy sal 'n prokureur moet nader om so 'n proses te begin.
AfriForum is 'n gemeenskapsgebaseerde organisasie wat aksies loods teen kwessies wat die breër gemeenskap negatief beïnvloed. Ons kan daarom nie namens individue optree en sake namens hulle dryf nie. Ons help egter graag deur meer inligting te verstrek (soos hierbo) oor moontlike oplossings en remedies.

EINDE

AfriForum